La Rochelle Gebedsriglyne 2021
Gebede vir LIG!

Ps 43:3 –Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei
en my bring na u heilige berg, na u woning!

Jaartema: Die LIG waardeur ONS LEWE

Vanweë die beperkende waarnemingsvermoë van die mens, is daar eenstemmigheid dat duisternis nie bestaan nie, maar bloot die afwesigheid van lig is. Die wonderlike is egter dat lig soveel méér is as die afwesigheid van duisternis. Lig, gesien deur 'n prisma, verdeel in die sewe kleure van die reënboog. Lig beskik oor intensiteit. Geen wonder dat God drie-enig as Lig beskryf word nie. "*God **is** lig, en daar is geen duisternis in Hom nie*" verklaar Johannes. Hierdie jaar wil ons die intensiteit van die Lig se versorgende liefde en omgee deur middel van maandelikse temas toelig, sodat ons kan lewe deur Sy wonderbaarlike, kleurvolle lewenslig.

Ons wil jou uitnooi om hierdie jaar deurlopend in gebed voor die Here te wees sodat hierdie **lig** 'n realiteit in **jou** lewe, ons **gemeente**, maar ook in die **wêreld** sal wees.

Die gebedsbediening nooi jou uit om dié jaar saam as gemeente te bid!

In 1 Tim 2:1-7 stel Paulus dit baie duidelik hoe belangrik gebed vir alle mense is, maar dat ons ook met die regte hart en gesindheid moet bid. *Ek dring daarop aan dat daar in die **eerste plek** met **smeking, voorbidding en danksegging gebid** moet word vir **alle mense***, (lees gerus die hele perikoop.)

Met dit in gedagte wil die gebedsbediening jou uitnooi om hierdie jaar aan die hand van die jaartema, volgens die riglyne in hierdie dokument te bid. Bid maandeliks volgens die spesifieke tema en teksgedeelte vir die maand, maar ook weekliks soos die riglyne voorstel. Jy sou ook jou eie gebedsbehoefte kon byvoeg (sien agterkant waar jy gebedsnotas kan maak).

Maandelikse temas

Januarie:	Die Vader skep Lig – 2 Kor 4:6
Februarie:	Gebede vir Lig – Ps 43:3
Maart:	Jesus se lyding bring Lig – Hand 26:23
April:	Jesus, die Lig – Luk 1:79
Mei:	Die Gees wat verlig – Heb 6:4
Junie:	Lewe in die Lig – Ef 5:9
Julie:	Die Lig bring troos – Ps 139:12
Augustus:	Om Lig te wees – Matt 5:14
September:	Die Woord gee Lig – Ps 119:105
Oktober:	Die Lig bring hoop – Ps 112:4
November:	Die Ewige Lig – Jes 60:19
Desember:	Die Beloofde Lig – Jes 9:1

Weeklikse riglyne

Sondag – Bid vir Jouself

Jer 29:11-12 *Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.*

- Vra opnuut na God se wil en sy plan vir jou lewe vir 2021.
- Wees bereid om afstand te doen van jou eie wil, jou eie planne en wees stil genoeg om sy stem te hoor. Wy jou daaraan toe om daarvolgens te lewe.
- Bid dat die Here jou sal insig gee in ons jaartema: Die LIG waardeur ONS LEWE.
- Vra die Here waar jy vanjaar aktief en doelbewus in sy Koninkryk diensbaar moet wees.
- Dra jou persoonlike gebedsversoeke aan die Here op.

Maandag- Bid vir Gesinne

Jak 5:16 *Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.*

- Bid vir die gesin en familie waarvan jy deel is.
- Bid vir 'n gesin wat die Here op jou hart lê.
- Bid vir gesinne wat uitdagings beleef agv egskeiding, dood, gebroke verhoudings, die korona-pandemie.

Dinsdag – Bid vir die Gemeente

Luk 19:46 *"Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,'*

- Bid dat die jaartema, Die LIG waardeur ONS LEWE, 'n werklikheid in die gemeente sal wees.
- Bid dat ons 'n gemeente sal wees wat met smeking, voorbidding en danksegging sal bid vir alle mense.
- Bid dat die gemeente effektief sal kan funksioneer gegewe die uitdagings wat die korona-pandemie bring
- Bid vir die geestelike toerusting en groei van lidmate in die moeilike tyd.
- Bid vir die verskillende bedieninge van ons gemeente.
- Bid vir die predikante en alle ander personeel.
- Bid dat ons verantwoordelike rentmeesters sal wees in 2021.
- Bid vir diegene wat siek is, beproewings beleef, eensaam is of in nood.

Woensdag – Bid vir die Gemeenskap

Jak 5:16b *Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.*

- Bid dat die korona-pandemie nie 'n impak op ons gemeenskap sal hê nie.
- Bid vir ons plaaslike polisie, brandweer, verkeerspolisie, dokters, verpleegsters, gevangenisdienste, sekuriteitsdienste, buurtwagte.
- Bid vir onderwys en opvoeding, bv skole, tersiêre opleidingsinstansies, personeel, studente en leerders.
- Bid vir nood in die gemeenskap waarvan jy bewus is.

Donderdag – Bid vir die land

1 Tim 2:1-2 *Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.*

- Bid vir die leiers in ons land, spesifiek vir hulle redding en dat hulle 'n persoonlike verhouding met God sal hê.
- Bid dat die leiers van ons land die regte besluite sal neem tov die korona-pandemie
- Bid spesifiek vir die gesondheidsinstansies gegewe die uitdagings wat die korona-pandemie bring.
- Bid dat daar ekonomiese groei in ons land sal plaasvind.
- Bid dat misdaad, korrupsie en moord, haat en rassisme sal verdwyn.
- Bid vir die dele in ons land waar dit droog is.

Vrydag – Bid vir die wêreld

Fil 4:7 *En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

- Bid vir vrede in die wêreld.
- Bid dat die uitdagings wat die korona-virus in die wêreld bring reg hanteer sal word en dat die virus sal verdwyn
- Bid vir die bewaring, onderhouding en verantwooordelike hantering van die ekologie van die wêreld.
- Bid vir ons sendelinge in Oekraïne en Japan.

Saterdag - Ons sê dankie

Fil 4:6 *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*

- Dank God vir sy genade, sy liefde en sorg.

AMEN

La Rochelle gebedsbediening

La Rochelle gebedsbediening wil die gemeente help en begelei om te bid! Op die volgende maniere help ons jou hiermee:

† ***Gebedsriglyne*** verskyn weekliks in die bulletin.
† ***Gebedsbrief*** word weekliks met gebedsriglyne gesirkuleer.
† ***Gebedsversoeke*** kan vir voorbidding aan Marlene Pretorius deurgegee word. Pretorius.mm@mweb.co.za of 071 062 3025
† ***Gebedsnoodlyn*** vir gebedsnood, stuur versoeke na 084 619 2816
† ***Gebedsgeleentheid*** Sondagoggende 08:15 in die gebedskamer.
† ***Gebedsgeleentheid op Zoom*** elke tweede Woensdag, kontak ds Wouter 083 222 6018 of wouter@larochelle.org.za vir die skakel.

Kontak Marlene Pretorius vir meer inligting: Pretorius.mm@mweb.co.za / 071 062 3025 of die kerkkantoor by 021 919 9253 / info@larochelle.org.za

Gebedsnotas: